# 15 April 2024 - Lesing 288 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die offerdood mag nie tot geloof te dwing nie **–** 24/5/62

**NO: 8185** Ook My offerdood aan die kruis mag nie lei tot 'n gedwonge geloof aan My Godheid in die mens JaHshua nie. Want ofskoon die Liefde self hierdie offer gebring het, alhoewel Ek Self in Hom was tot sy dood toe, omdat Hy Homself volkome met My verenig het, **het die Godheid in Hom Homself toe teruggetrek**. Dit wil sê, Hy het as mens gely en gesterf. Hy het hom nie meer beroep op Sy mag wat Hy deur die vereniging met My besit het nie.

Hy het as mens alle leed en pyne op Homself geneem en daardeur die groot **sondeskuld**, wat op die hele mensdom gedruk het, **tot niet gemaak**. En so moes die kruisdood dus ook 'n gebeurtenis wees wat baie menslik plaasgevind het, omdat niemand tot geloof gedwing mag word nie en elke ongewone verskynsel sou so 'n geloofsdwang beteken het.

Baie mense was egter deur 'n onrus bevange geneem wat die kruisdood teweeggebring het. Baie mense was **ontroer en neerslagtig** vanweë die vonnis wat voltrek is teen 'n mens wat hulle nie as skuldig beskou het nie.

Maar daar was **geen bewyse** dat dit 'n offer was wat die Godheid self in die mens JaHshua volbring het nie. En dit moes so wees omdat die aanneem van die genade van die verlossingswerk ook **'n daad van vrye wil moes wees,** omdat die vergewing van sonde nie anders kon plaasvind as deur die vrywillige oorgawe aan JaHshua en die erkenning van Homself as God se Seun en Verlosser van die wêreld **in Wie die ewige Godheid Homself beliggaam het.**

Niemand mag gedwing word om te glo nie. Dit moet elke mens vrystaan om JaHshua Messias as Verlosser van die wêreld te erken en om Sy genade-offer aan te neem. Daarom was die dood van JaHshua ook 'n baie menslike gebeurtenis wat **geensins 'n dwingende inwerking gehad het op die mense** wat by sy sterwensuur aanwesig was of naderhand daarvan verneem het nie. En vir alle mense bly die verlossingswerk van JaHshua ook 'n aangeleentheid wat hulle kan glo, maar ook kan betwyfel, want die regte insig vereis 'n sekere vooruitgang van die siel, 'n toekeer na My toe. En dan sal hulle ook in staat wees om My in JaHshua Messias te herken.

'n Mens wat nog heeltemal onder die mag van My teëstander is, **sal nooit** aan die verlossingswerk van JaHshua Messias glo nie, maak nie saak hoe waarheidsgetrou dit aan hom beskryf word nie. **Want hy wil dit nie wil glo nie,** omdat hy nog onder die invloed van die teëstander staan wat alles sal doen om 'n verlossing deur JaHshua Messias te verhinder.

En tog kan mense ook 'n baie oortuigende geloof in Hom verkry wanneer hulle dit moontlik maak dat My Gees hulle kan onderrig, wanneer hulle **deur 'n lewe in liefde** volgens My wil ook My invloed deur middel van gedagtes toelaat. Daar is egter **geen uiterlike bewyse** wat die mens oortuig van die waarheid van die goddelike werk van barmhartigheid nie. Sy gedagtes word eerder in ooreenstemming met die waarheid gelei en die persoon sal die verbande en die beweegrede verstaan van die kruisoffer **en dan kan hy ook sonder bewyse glo.**

Elke bewys is en bly 'n dwang vir mense om te glo, maar slegs die **beproewing van die vrye wil** is deurslaggewend in die aardse bestaan. En so moet mense ook vrylik besluit om JaHshua en Sy kruisoffer aan te neem en te erken. Die mens word geensins gedwing tot aanname nie en **daarom moet alle gebeure volgens waarheid beskryf word**, soos wat dit werklik gebeur het: Soos die veroordeling van 'n misdadiger wat tot die skandelikste dood veroordeel is, tot die dood aan 'n kruis.

Met Sy mag kon JaHshua waarlik hierdie dood van Homself afgewend het, want die mag was vir Hom beskikbaar **deur Sy volledige vereniging met My**. Maar Hy het die mag nie meer gebruik nie, want Hy wou heeltemal magteloos die dood ondergaan om aan die mense hulp te bring in 'n nood waaruit hulle hulself nie kon bevry nie. Maar Hy kon hulle help om vry te word. **Hy kon die weg vrymaak na die Vader**. Hy kon vir hulle die poort na die ligryk oopmaak, maar altyd net omdat Hy 'n mate van lyding op Homself geneem het wat 'n mens nouliks sou kon verdra het, indien die Liefde hom nie die krag daartoe gegee het nie – Wie wederom Ek Self was.

Maar Hy het hierdie krag nie gebruik om Homself van sy lyding te ontdoen nie, maar slegs om die lyding en die bitterste dood aan die kruis **te kon uithou**, omdat Hy die mensdom van sonde en dood wou verlos. Dit was te verstane dat My eie ook aan My getwyfel het, want hulle moes My skielik sonder al My krag toekyk hoe mense met My omgaan, toe Ek My nie verweer het en die mag nie gebruik het wat hulle so dikwels by My waargeneem het nie.

Maar dan sou die kruisoffer nie volbring gewees het nie. En ook sou My weg as mens oor die aarde doelloos gewees het, omdat die mens ondanks My leringe en onderrig **steeds kragteloos sou bly teenoor My vyand**.

Want die teniet gedane sondeskuld was die swakheid, die las wat op die mensdom gedruk het, waarvan hulle uit eie krag nie vry kon word nie. En om hulle wil te versterk het Ek aan die kruis gesterf. Om hulle wil te versterk, het Ek Self die enorme las van die sonde op My geneem en dit tot niet gemaak deur die mees smartlikste werk van erbarming wat nog ooit op hierdie aarde plaasgevind het en nooit ooit weer sal voorkom nie.

Ek het gesterf vir al die **mense van die verlede, van die hede en van die toekoms**. Maar elke mens moet hierdie verlossingswerk van My vrylik insien en aanneem, want dan herken hy My ook self, van Wie hy eens sy erkenning weerhou het en waarom hy in die diepte gestort het. Amein.